

## **Pregala Pillay & Chris Jones\***

[Afrikadag](#), wat jaarliks op 25 Mei gevier word, is 'n geleentheid vir ons om erkenning te gee aan en na te dink oor die vordering wat ons mooie vasteland maak ten opsigte van die uitdagings wat dit in die gesig staar.

In hierdie artikel fokus ons hoofsaaklik op een van hierdie uitdagings, naamlik korrupsie en die katastrofiese gevolge daarvan vir Afrika oor dekades heen. Ons kyk ook na wat nodig is om hierdie ingewikkelde misdaad doeltreffend te beveg.

Geïnspireerd deur groot leiers van Afrika – soos Nelson Mandela, Haile Selassie, Kwame Nkrumah, Julius Nyerere, Kofi Annan, Thomas Sankara, Jomo Kenyatta en Ellen Johnson-Sirleaf – en in die lig van hoe leierskap volgens hul visie, waardes en moed op ons vasteland kan lyk, kan Afrika na 'n hoër vlak verhef word, veral ten opsigte van ontwikkeling.

Wanneer 'n mens egter verskillende lande in Afrika bestudeer, vind jy baie voorbeelde van hoe politieke leierskap inderdaad 'n reusebelemmering vir hierdie lande se groei, ontwikkeling, transformasie en voorspoed is.

Ten slotte ...

Ons kan nie teruggaan en die verlede verander nie, maar ons kan beide goeie en slegte lesse leer, en die toekoms verander om groter, beter en helderder te wees. Dit is waarna ons op Afrikadag en daarna moet strewe.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

*\*Prof Pregala Pillay dien as direkteur van die Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie by die Universiteit Stellenbosch (ACCERUS). Dr Chris Jones is die hoofnavorsers in die Eenheid vir Morele Leierskap by die US. Hierdie artikel is gedeeltelik gegrond op hul boek, Lessons from Political Leadership in Africa: Towards Inspirational and Transformational Leaders (Cambridge Scholars Publishing, 2022), waarvoor hulle saam met Purshottama Reddy en Sakhile Zondi as mederedakteurs opgetree het.*